**KOMPETISIE: HOOFMEISIE**

Die prys het behels `n **naweek** by een van ons sewe selfsorg vakansieoorde van u keuse. Dié oorde is ***ATKV-Buffelspoort*** naby Rustenburg, ***ATKV-Drakensville*** aan die voete van die Drakensberge naby Bergville, ***ATKV-Eiland Spa*** naby Tzaneen, ***ATKV-Goudini Spa*** naby Worcester, ***ATKV-Hartenbos*** langs Mosselbaai, ***ATKV-Klein-Kariba*** naby Bela Bela en ***ATKV-Natalia*** by Illovo in Kwa-Zulu Natal. Vir meer inligting oor die oorde, kan u gerus die webwerf besoek by www.atkvoorde.co.za .

Die prys sluit akkommodasie vir **ses** persone in. Omdat dit selfsorgoorde is, moet u asseblief self voorsiening maak vir alle etes. Daar is wel restaurant- en winkelfasiliteite indien u daarvan gebruik wil maak. Beddegoed, handdoeke, toiletpapier en eetgerei word verskaf, maar geen vadoeke en seep nie.

***LET ASSEBLIEF OP NA DIE VOLGENDE VEREISTES:***

- U prys is geldig vanaf **1 Maart 2012 tot 30 Junie 2012**
- **'n Naweek duur vanaf Vrydagmiddag om 14:00 tot Sondagoggend om 10:00**
- Die prys is nie geldig gedurende die skoolvakansies en oor langnaweke nie.
- Die pryswenner moet positief by die oord geïdentifiseer word en is nie oordraagbaar nie.
- Die prys kan nie vir kontant omgeruil word nie en datums kan nie geskuif word na bespreking nie.
- Vervoerkoste na en van die oord is vir u eie rekening
- Doen bespreking asseblief vroegtydig om seker te maak u ontvang u borgskap by die oord van u keuse.

Die kompetisie eindig op 31 Januarie 2012